

SAHARA - AVONTUUR
REEKS
NO. 11
WRAAK VAN DIE SABEL
Meiring Fouché

# WRAAK VAN DIE SABEL

*deur*

**MEIRING FOUCHE**

*Uitgegee deur*:

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2022

# Wraak van die Sabel

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van die 1980's se uitgawe.
Hierdie boek is die derde uitgawe (aangepaste weergawe), maar in e-boek formaat.

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting.
Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

WRAAK VAN DIE SABEL
deur Meiring Fouche

ISBN 978-1-928498-10-0

Uitgegee deur:
Skatkis Boeke - Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2022)
Aanlyn winkel: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

Teuns Stegmann se broer is gedurende die Tweede Wêreldoorlog in die Sahara woestyn afgeskiet deur ŉ Duitser in sy vegvliegtuig. Dit is dan ook die hoofrede hoekom Teuns aangesluit het by die Franse Vreemdelegioen in die Sahara woestyn. Hy is op soek na sy verlore broer en het daarom sy pragtige wynplaas in die Heksvallei tydelik daarvoor opgegee. Terwyl hy en sy getroue makkers in ŉ restaurant saam ŉ drankie geniet in Algiers, tydens hulle kort verlof, daag daar ŉ geheimsinnige korterige mannetjie op. Hy vra om alleen met Teuns te gesels, maar sy kamerade waarsku hom daarteen.

Hy deel Teuns die skokkende onthulling mee dat sy broer nog lewe en dat hy bereid is om hom na sy broer te neem, want sy broer het hom opdrag gegee om na hom wat Teuns is, te soek. Hy kry dit reg om vir Teuns te oortuig met iets wat vir Teuns uiters kosbaar is. Teuns besluit toe om te gaan vra vir spesiale verlof sodat hy die mannetjie kan vergesel, maar Fritz Mundt het ander planne en veroorsaak ŉ dodelike geveg in die kroeg. Dit is Arabier teen Legioenman en die vuiste klap behoorlik. Die manne veg vir hulle lewe en toe die polisie opdaag, kom hulle met ŉ skok agter dat Teuns spoorloos verdwyn het.

Teuns bevind hom in die mag van ŉ skurk en drie van sy trawante wat aan hom die keuse stel. Besorg aan ons die Sabel van Doetra wat miljoene rande werd is en wat Teuns lank terug in ŉ oase versteek het, of sy broer sterf.

Teuns se hande en voete word geboei en toe hulle by die oase in die woestyn opdaag, moet Teuns vir hulle die Sabel opspoor. Teuns probeer hulle aan ŉ lyntjie hou vir solank hy kan, want hy probeer so tyd wen om ŉ plan te kan maak vir ŉ moontlike ontsnapping. Intussen kry hy dit reg om die skurke op ŉ baie slim manier teen mekaar te laat draai en dit veroorsaak dat die een na die ander uitgeskakel word. Net toe Teuns meen hy het ŉ kans om te kan ontsnap, daag daar ongeveer 300 Doelaks op die toneel, aan wie die swaard van Doetra behoort en hulle Sjeik maak dit onmoontlik vir Teuns om te kan ontsnap.
Hulle het egter nie rekening gehou met die dapperheid en vindingrykheid van die lang, blonde Suid-Afrikaner nie. Hy kom vorendag met ŉ fantastiese plan wat, as alles haarfyn uitwerk soos hy beplan het, dan het hy maar ŉ skraal kans om weg te kom met sy lewe, maar hy is desperaat en hierdie mag sy laaste kans wees. Teuns doen toe iets uiters ongewoon en toe die Doelaks dit agterkom en op hom wil toeslaan, toe speel hy sy laaste troefkaart...

## UITTREKSEL

Hy lê en staar weer na die lug op en dit is toe dat hy dit sien, die groot swart skaduwee wat hier oor hom geflits het, want die son het al ’n rukkie gelede opgekom.

Teuns Stegmann ruk soos hy skrik.

Dit was die skaduwee van ’n aasvoël. Daaraan het hy nooit gedink nie. Hy het skoon vergeet dat hierdie verderflike goed beter sien as enige mens. En hierdie aasvoël het hom gesien.

Hy soek in die lug. Ja, daar is die vuilgoed weer. Dit draai hoog, maar dit draai seker. Daar kom nog een by... en nog een.

Hy sluit sy vuiste, kners op sy tande en dit voel asof hy ’n vervloeking kan uitskreeu teenoor hierdie verderflike voëls wat nou blykbaar daarop uit is om sy posisie te verraai.

Hulle draai en draai en dik swart skaduwees glip elke keer hier oor Teuns.

Hy begin weer aan die boeie ruk en pluk, probeer die boeiband met sy arms afwring, maar dit is verniet. Hy probeer dieselfde met sy bene doen, maar ook daarin slaag hy nie. Hy voel soos iemand wat onverbiddelik in ’n hoek vasgekeer is.

Wat sal hy kan aanvang wanneer ’n Doelak hier op hom afkom?”

Hy probeer egter kalm bly en sy gedagtes werk voortdurend vir ’n moontlike ontsnappingspoging.

# INHOUD

**Hoofstuk**


1. Die Klein Vreemdeling

2. Botsing

3. Kennismaking

4. Die Lang Reis

5. Stem in die Duister

6. Dood onder die Palms

7. Die Skimme Wag

8. Vasgekeer

9. Twee Vlugtelinge

10. Tussen die Doelaks

# 11. WRAAK VAN DIE SABEL

## Hoofstuk 1
## DIE KLEIN VREEMDELING

Die ligte is dof, die geluid is hard en die walm van wyn hang deur die groot vertrek waar die groot mensdom driftig sit en gesels en drink. Manne van die Franse Vreemdelegioen skuur teen Arabiere in lang wit gewaad, handelaars, karavaandrywers, smouse en leeglopers. Iewers speel ’n orkes Oosterse musiek en dan onderbreek hulle dit weer ’n keer met moderne jazz, maar niemand steur hom eintlik aan die musiek nie.

Die Legioenmanne praat ekstra hard want die meeste wat vanaand hier sit en drink, is op verlof en hulle probeer elke oomblik behou omdat hulle weet dat hulle die een of ander tyd maar weer sal moet terug na die skroeiende ellende van die Sahara woestyn.

Hier by die tafeltjie in die verste hoek word daar hard gebabbel. Teuns Stegmann, die lang blonde Suid-Afrikaner het nou net hier kom sit nadat hy ’n pad deur die krinkelende menigte oopgebaan het. Daar is ’n merkbare blos onder die bruin van sy glinsterende wange en daar is ’n besondere lig in sy diepblou oë. Sy groot, welgevormde hande lyk bewerig en hy is skugter soos ’n skoolseun wat sy eerste nooientjie uitgeneem het.

“Vertel, vertel!” bulder Fritz Mundt, die groot Duitser, die sterkste man in die Franse Vreemdelegioen.

“Ja, praat!” por Podolski, die groot Pool, aan.

“Hoe soen sy?” wil Jack Ritchie, die blonde Engelsman

weet en hulle leun almal vooroor, met hul bolywe op die tafelblad asof Teuns hulle ’n geweldige geheim moet meedeel. Petacci, die klein Italianertjie, vra nie uit nie, maar hy staar strak na Teuns asof hy die hele geheim reeds weet, so asof hy op hoogte is met elke besonderheidjie wat die lang Suid-Afrikaner hulle kan vertel. Maar eindelik vra hy darem ook.

“Is haar lippe warm en trillend, *mon ami*?”

Teuns skuif ongemaklik op die harde stoel rond, kyk na sy hande, dan na die bottels wyn wat hier voor hulle op die tafel staan en dan sommer oor die menigte weg na waar die warm nag buite lê.

“Kom, kom,” por Fritz Mundt weer aan. Moenie vir ons so aan ’n lyntjie hou nie, man.”

“Wat is daar te vertel?” vra Teuns, sprei sy groot hande wanhopig uit en bloos dieper.

“Hoe vry *mademoiselle* Julie Lefevre, dit is wat ons wil weet,” sê Podolski hard. “Of het jy dit nog nie uitgevind nie?”

Teuns kyk bietjie magteloos na die groot Pool.

Jack Ritchie lê sy hand op die van die Suid-Afrikaner. Dit lyk asof daar erbarming in sy oë is.

“Moenie vir ons sê jy het net met haar op ’n bankie onder die een of ander palmboom gaan sit nie, *mon ami*,” sê hy.

“Of net gaan wandel langs die waterkant van Algiers nie,” breek Petacci in.

“Of net na die maan gestaan en kyk nie,” bulder Fritz Mundt. Hy gooi sy hande in die lug. “Per slot van rekening, jy het haar lewe gered, nie waar nie Suid-

Afrikaner," spot die groot Duitser.

Teuns Stegmann se gedagtes glip 'n oomblikkie terug na daardie bitter tyd toe die Arabiere vir Julie Lefevre, die pragtige dogter van kaptein Gaston Lefevre, ontvoer het, toe sy vir haar vader in Dini Salam gaan kuier het. Dit was die keer toe hy en Gaston Lefevre alleen 'n horde Arabiere in die Fort Laval moes uitoorlê om hul lewens te behou en die van Julie. Daardie keer het sy hom toe hartlik uitgenooi om haar te kom besoek wanneer hy weer in Algiers met vakansie is, en nou het hy dit gedoen.

Hy dink aan hul aandjie saam by haar woonstel, aan die maaltyd wat sy vir hom voorberei het, aan die delikate wyn wat sy vir hom geskink het, aan die sagte prikkelende walms van haarfyn Franse parfuum, die geurigheid van haar hare en die soepele, hittige aanloklikheid van haar lippe. Hy dink aan haar lippe, hoe hulle onder sy soekende mond liggies gebewe het en hoe haar arms in heerlike oorgawe om sy skouers gesluit het. Hy hoor haar weer fluister van ekstase en hy voel weer die stadige beweging van haar slanke vingers deur sy hare.

Hy kyk na die manne hier om hom, na elkeen van hulle om die beurt. Hy sien die ondeundheid in hul oë en ook die hunkering.

"'n Mens praat nie oor sulke dinge nie," sê hy magteloos. Hy leun vooroor en daar is klem in die houding van sy skouers. "Nie een van julle lieplappers sal uitlap wat julle op 'n aand met 'n meisiemens aangevang het nie, daarvan is ek heeltemal seker. Julle het heeltemal bedorwe geraak in die Vreemdelegioen." Hy kyk veral na Jack Ritchie wat

hy nog altyd as ’n fyn opgevoede man beskou het.
“Moenie ons etiket probeer leer nie,” bars Fritz uit. “Ons wil hoor wat jy alles aangevang het.”
Teuns lag verleë en roer sy hande. “Julle is net verspot,” verweer hy. “Ek sal nie vertel nie... behalwe dat sy ’n pragtige mens is. Ek gaan haar elke aand sien terwyl ons hier is... nog ’n volle, heerlike week.”
Podolski stoot sy hand oor sy mond. “Jou gelukkige duiwel,” fluister hy.
“Wat makeer julle?” vra Teuns fronsend en skaam. Waarom neem julle nie ook elkeen ’n meisiemens uit nie? Wil julle vir my sê hier is nie meisies wat julle kan uitneem hier in Algiers nie? Die plek wemel van skoonheid.”
“Maar nie een van hulle is *mademoiselle* Julie nie,” kla Jack Ritchie. Hierdie ander spul wil net saam met jou wyn drink en jou geldjies uitgee. En dan verloor hulle belangstelling.”
“Kan ons nie beurte neem met *mademoiselle* Julie nie?” vra Petacci skugter en sy klein ogies vonkel. Teuns vernietig dadelik die klein Italianer met sy skerp aanblik. Hulle staar so na hom dat hy sommer die kelner nader wink en nog wyn bestel.
“Gaan ons nou iets oor jou romanse van vanaand hoor of gaan ons nie?” vra Fritz Mundt weer. Teuns vee vinnig oor sy gesig, met ’n gebaar van pure moedeloosheid.
“Laat my tog nou met rus,” versoek Teuns. “Laat ons wyn drink en vrolik wees en los nou hierdie bog van julle. As julle so aangaan, sal ek nie weer een aand na julle toe kom

nadat ek by Julie was nie."
"Dit moet heerlik wees om so 'n geheim in jou hart te bewaar," fluister Podolski en wring sy hande inmekaar.
Die woorde tussen hulle rafel uit en die een na die ander begin na Petacci kyk. Die klein Italianer se aandag is nie meer by die groepie hier om die tafel nie. Hy staar oor die skare weg, sy oë is nou teen die prikkeling van die rookdamp wat die groot restaurant vul.
"Wat sit en staar jy so, Italianer?" vra Podolski. "Dit lyk amper asof jy 'n Doelak sien wat op jou aanlê."
"Ons word dopgehou," sê Petacci. "Hier is 'n geelbek wat in ons belangstel." "Ons is seker vir hom vyf mooi kêrels," spot Jack Ritchie.
"Hy kyk nie na ons asof ons mooi is nie," sê Petacci. Moenie nou almal gelyk kyk nie," sê Petacci. "Ek sal julle beduie waar hy sit, dan kan julle ook af en toe kyk. Hy hou definitief hierdie tafel fyn dop."
"Jy laat my sidder, Italianer," steek Fritz Mundt die draak. "'n Arabier moet nie na my sit en staar nie. Ek staan sommer op en gaan breek sy vrotsige nek. Ek is vanaand juis in die luim vir baklei."
Petacci beduie so onopsigtelik moontlik waar die Arabier sit en die ander kyk om die beurt daarheen.
Ons word definitief dopgehou, is die gevolgtrekking waartoe hulle almal kom.
"Ons word nie alleen dopgehou nie, ons word ook druk bespreek," bevind Teuns.
"Ja, dit is baie seker," stem Podolski saam. "Daardie groep daar by die tafel behoort bymekaar, dit kan 'n mens

maar te duidelik sien."

"Waarom sou ons dopgehou en bespreek word?" is die vraag wat Jack Ritchie uitspreek en dit is ook die vraag wat elkeen van hulle stel, hoewel hulle dit nie hardop uitspreek nie.

"Ons is beroemde mense," meen Fritz. "Hoeveel maal het ons die geelbekke nie al op hul neuse laat kyk nie," sê hy trots.

"Julle moet nie vergeet dat ons die Sabel van Doetra weggesteek het nie, broeders," sê Podolski uit die bloute. "Dit maak ons gemerkte manne onder die Arabiere."

Hulle swyg meteens almal, want hierdie feit tref hulle elkeen individueel. Jack Ritchie kyk vinnig na die Pool en Teuns roer meteens sy vingers, sy uitdrukking afgetrokke, sy oë bietjie somber.

"Julle maak nou 'n grappie daaroor," sê Teuns, "maar dit is die waarheid. Die Arabiere kan die verdwyning van die eresabel van Doetra net so min vergeet as wat Jack Ritchie se mense die slag van Waterloo kan vergeet."

"Julle klink vreeslik indrukwekkend. 'n Mens sou sweer die Arabiere weet ons het die Sabel van Doetra in die oase Harba weggegooi." Dit is Petacci wat so praat.

"Arabiere is die beste speurders in die wêreld," meen Teuns. "As hulle wil uitvind wie die Sabel verberg het, sal hulle dit uitvind, daarvan kan jy baie seker wees, *signor* Petacci."

Die Arabier wat hulle die meeste dophou, is 'n klein, verpotte mannetjie met skelm oë en pokmerke aan sy gesig. Sy kleed is anders as die van die ander Arabiere.

Dit is van ’n donkerblou, ruwe stof en die huik is veel langer as die van die gewone Arabier sodat hy sy gesig baie diep kan verberg as hy die huik heeltemal vorentoe sou trek.

“Aan watter stam behoort hy?” vra Fritz terwyl hy weer onderlangs na die Arabiertjie loer wat hulle so stip dophou.

“Moet een van die stamme in die verre suide wees,” sê Teuns. Die stamme naby die grens van Libië dra daardie soort klere.”

“Dan verval die hele storie in verband met die Sabel van Doetra,” sê Podolski, “want dit is net die Doelaks wat in die Sabel belangstel.” As hierdie krefie van die grens van Libië af kom, hoef julle nie te dink dat hy na ons kyk omdat hy hom verbeel ons weet iets van die Sabel van Doetra af nie.”

“Jul storie oor die Sabel van Doetra is in elk geval onvanpas,” meen Petacci. “Geen Arabier weet wie die Sabel weggesteek het en ook waar nie.”

Teuns neem ’n bottel wyn op en skink almal se glase weer vol. “Ons klaar moet drink en loop,” sê hy. “Ek hou glad nie van die houding van daardie klein vuilgoed nie. Ons kan dit nie bekostig om op ons verlof moleste aan te vang nie.”

“Ek sien hom op Bloksemberg voordat ek my wyn gaan wegsluk, net omdat hy na ons sit en staar,” dreig Fritz Mundt.

“Hoe weet jy dan dat daardie skepsel uit die verre suide kom?” vra Jack vir Teuns. “Dit is die heel eerste keer dat

ek ’n Arabier in daardie gewaad sien. Lyk my jy weet meer van die Sahara as ons ander.”
“Hy het dit seker iewers gelees,” raai Podolski.
“Ek het dit nêrens gelees nie,” antwoord Teuns ’n bietjie bitsig. “Ek het daardie Arabiere al gesien en was al tussen hulle.”
Die manne kyk vraend na die Suid-Afrikaner, hierdie keer met veel meer belangstelling as toe hulle hom oor die aandjie met Julie Lefevre uitgevra het.
“Tussen hulle?” vra Fritz Mundt en sy oë getuig van ongeloof. “Wanneer was jy dan naby die grens van Libië tussen die Arabiere?”
“Toe ek na my broer gesoek het,” sê Teuns Stegmann kort en saaklik. Hulle swyg meteens almal en staar net na die lang blonde man. Hy het hulle al op ’n keer van sy broer vertel, maar hy het nog nooit veel daaroor gesê nie.
“Daardie mannetjie is ’n lid van die nomadiese Raff-stam. Hulle dwaal deur die suidelike verlatenheid van die Sahara, naby die grens van Libië rond. ’n Vrot spul en baie wreed.”
“Ek het nie geweet ons het ’n reisiger in ons geledere nie,” sê Petacci saggies. “Jy het ons nog nooit veel oor jou broer vertel nie.”
Teuns roer sy hande op die tafel. “Dit is oor my broer dat ek in die Vreemdelegioen is,” sê hy en kry hy skielik vanaand lus om meer oor hierdie saak te sê.
“Jou broer?” vra Podolski, want hy het Teuns se verhaal nog nooit vantevore gehoor nie.
“In die Tweede Wêreldoorlog was my broer ’n vlieënier.